# Lesing 04.06.2018 - DEEL 20 - Die belofte van alle Verbonde - DIE GEES

## Die Tempel van Salomo - Die Gees

1Ki 8:1 DAARNA het Salomo die oudstes van JisraEl en al die stamhoofde, die hoofdelike vaders van die kinders van JisraEl, by koning Salomo in Jerusalem byeen laat kom om die **Verbondsark van JaHWeH** uit die Stad van Dawid, **Sy is Sion**, op te bring.

1Ki 8:2 En al die manne van JisraEl het by koning Salomo op die Fees vergader in die maand Étanim, dit is die sewende maand.

1Ki 8:3 Toe al die oudstes van JisraEl daar kom, het die priesters die Ark opgeneem

1Ki 8:4 en die Ark van JaHWeH en die Tent van Samekoms gebring saam met al die voorwerpe van die Apaeid wat in die Tent was; naamlik die priesters en die Leviete het dit gebring.

1Ki 8:5 En terwyl koning Salomo en die hele vergadering van JisraEl wat byeengekom het, saam met hom voor die aangesig van die Ark staan, het hulle kleinvee en beeste geslag wat vanweë die menigte nie getel of bereken kon word nie.

1Ki 8:6 Verder het die priesters die Verbondsark van JaHWeH na haar plek gebring, in die binneste vertrek van die huis, **na die Apaeid van die Apaede, onder die Vleuels van die Gérubs**.

1Ki 8:7 Want die Gérubs het die Vleuels uitgesprei oor die plek van die Ark, sodat die Gérubs die Ark en haar draaghoute van bo af beskut het.

1Ki 8:9 Daar was niks in die Ark nie buiten die **twee Kliptablette** wat Moshè by Horeb in haar neergelê het, toe JaHWeH 'n Verbond met die kinders van JisraEl gesluit het by hulle uittog uit die Aarde van Egipte.

1Ki 8:10 En toe die priesters uit die Apaeid uitgaan, het die **Wolkkolom die Huis van JaHWeH gevul**.

1Ki 8:11 En die priesters kon vanweë die Wolkkolom nie staan om diens te doen nie, want die **Glansrykheid van JaHWeH het die Huis van JaHWeH gevul**.

1Ki 8:20 En JaHWeH het Sy Woord vervul wat Hy gespreek het, sodat ek opgestaan het in die plek van my vader Dawid, en ek sit op die troon van JisraEl soos JaHWeH gespreek het; en ek het die Huis gebou vir die Naam van JaHWeH, die Elohey van JisraEl,

1Ki 8:21 en daar 'n plek ingerig vir die Ark, waarin die Verbond van JaHWeH is, wat met ons vaders gesluit is toe Hy hulle uit die Aarde van Egipte uitgelei het.

Joh_2:19 JaHWèshua antwoord en sê vir hulle: Breek **hierdie Tempel** af, en in drie dae sal Ek hom oprig.

Joh_2:20 En die manne van JeHûWdah sê: Ses-en-veertig jaar lank is aan hierdie Tempel gebou, en U, sal U hom in drie dae oprig?

Joh_2:21 Maar Hy het oor die **Tempel van Sy Liggaam** gespreek.

1Ki 8:33 As U volk JisraEl verslaan word voor die aangesig van 'n vyand, omdat hulle teen U oortree het, en hulle hul tot U bekeer en U Naam bely en tot U bid en smeek in hierdie Huis,

1Ki 8:34 wil U dan hoor in die Hemele en die oortredinge van U volk JisraEl vergewe en hulle terugbring na die Adamah[adamiet se Aarde] wat U aan hulle vaders gegee het.

## Die belofte van die Gees aan Salomo

1Ki 9:1 NET toe Salomo gereed was met die bou van die Huis van JaHWeH en die Huis van die koning en elke begeerte wat Salomo wou uitvoer,

1Ki 9:2 verskyn JaHWeH vir die tweede maal aan Salomo soos Hy aan hom verskyn het in Gíbeon;

1Ki 9:3 en JaHWeH sê vir hom: Ek het jou gebed en jou smeking gehoor wat jy voor My Aangesig uitgespreek het. **Hierdie Huis** wat jy gebou het, sonder Ek af deur My Naam daar te vestig tot in ewigheid; en **My Oë en My Hart** sal daar altyd wees.

1Ki 9:4 En wat jou betref, as jy wandel voor My Aangesig soos jou vader Dawid gewandel het, met 'n volkome hart en in opregtheid deur te doen net soos Ek jou beveel het, [en] My Insettinge en Regsprake onderhou,

1Ki 9:5 dan sal Ek die troon van jou koningskap oor JisraEl vir ewig bevestig, soos Ek jou vader Dawid beloof het deur te sê: **Daar sal vir jou nooit 'n man ontbreek op die troon van JisraEl nie.**